# DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

19/2026 (Skippertjie nr. 69) 29 Mei 2026

PARK
VOLHARD - PERSEVERE

## IN HIERDIE UITGAWE


UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Buitemuurse aktiwiteite
2. Vroeg afhaal van leerders en bring van goedere
3. Toetsreeks en assessering
4. SWD-Rugby
5. Eden-netbal
6. Redenaars
7. Landloop
8. Personeelverjaardae
9. Skooltye vir 2026
10. Skoolfonds vir 2026


**"Character is revealed by the way people react to the bigger challenges in life."**

**Afrikaanse idioom van die week**

**Met jou rug teen die muur staan**

*As jy in 'n baie moeilike of desperate situasie is.*

**2026 SKOOLKWARTALE**

**2de:** 8 April – 26 Junie
**3de:** 21 Julie – 23 September
**4de:** 6 Oktober – 9 Desember

## UIT DIE KAJUIT

Hier by die skool probeer ons elke week aan ons kinders se karakter bou deur vir hulle universele waardes aan te leer, asook hoe om dit in die alledaagse lewe toe te pas. Wanneer ons van iemand met 'n goeie karakter praat, dink ons aan iemand met deugde soos integriteit, regverdigheid (die waarde waarmee ons tans besig is), betroubaarheid, omgee en vrygewigheid. Daar is natuurlik nog vele meer. Sommige mense reken dat jou karakter uitkom in jou alledaagse optrede. Dit is baie maklik om iemand met 'n goeie karakter te wees wanneer dinge goed gaan, maar in tye wanneer dinge nie altyd verloop soos ons dit wil hê nie kom iemand se ware karakter na vore. Ons het almal verskillende persoonlikhede. Party van ons het kalmer geaardhede, terwyl ander weer meer gedrewe of selfs senuweeagtig is. Maar die manier hoe ons teenoor ander optree kom in ons karakter na vore, ongeag ons oorheersende persoonlikheid. Dit is waarom ons hier by die skool aan ons kinders se karaktervorming aandag gee. Ons as volwassenes moet natuurlik die voorbeeld wees vir ons kinders. Ons moet mense wees wat sover moontlik 'n onkreukbare karakter het en wat vir die regte dinge in die lewe staan. Wat elke dag regverdig, verantwoordelik en betroubaar optree. So 'n persoon het 'n onkreukbare karakter, selfs wanneer hulle met hulle rug teen die muur staan. So, die uitdaging is om vas te staan in jou karakter, veral in tye as dinge moeilik gaan. Seën vir almal.

*Dr. André Smith*

## BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

VAT VLAM VAT VLAM VAT VLAM

### 1. Buitemuurse aktiwiteite

Weens die assesseringstyd wat voorlê gaan buitemuurse aktiwiteite vanaf volgende week beperk word as volg:

| | |
|---|---|
| Maandag 1 Junie: | 0.10 – 0.13 rugby- en netbalwedstryde; 0.7 – 0.9 oefening |
| Dinsdag, 2 junie: | Hokkie-oefening vir alle spanne |
| Woensdag, 3 Junie: | 0.7 – 0.9 rugby- en netbaloefeninge |
| Saterdag, 6 Junie: | 0.7 – 0.9 rugby- en netbalwedstryde te Blanco |

Vanaf Donderdag, 4 Junie sal geen buitemuurse oefening plaasvind tot aan die einde van die kwartaal nie, behalwe vir toerspanne wat aanhou oefen soos afrigters tye met hierdie spanne kommunikeer.

### 2. Vroeg afhaal van leerders en bring van goedere

Baie dankie aan ons ouers wat reeds goeie samewerking toon met bogenoemde sake deur die reëls en reëlings van die skool te respekteer. So maak almal seker dat goeie orde en dissipline by die skool gehandhaaf word. Daarmee saam leer kinders ook om meer verantwoordelik te wees vir hul eie goed.

100% Parkies

## Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai
Posbus 96, Mosselbaai, 6500
Tel: 044 691 1020/1
Epos: navrae@lspark.co.za
www.laerskoolpark.co.za


### VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Ma, 1 Jun: Unisa musiekteorie-eksamen
Rugby (B-spanne) en netbal (B/C-spanne) vs Vorentoe
Rugby vs Laurus (11A/13A/13C-spanne)
Di, 2 Jun: Unisa musiekteorie-eksamen
Do, 4 Jun: Geen buitemuurs
Eksamen: Gr.7 Tegnologie
Vr, 5 Jun: Eksamen: Gr.7 Skeppende Kuns
Sa, 6 Jun: o.7-o.9 rugby en netbal (Blanco)






### BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park
Bank: Standard Bank
Rekeningnommer: 060822643
Tipe rekening: Business Current Account
Takkode: 051001 (George)
Verwysing: Familiekode

**3. Toetsreeks en assessering**

Die toetsreeks vir graad 4-7 leerders begin op Donderdag, 4 Junie. Dit is baie belangrik dat alle leerders elke dag skool sal bywoon, aangesien daar tans met hersiening van die werk besig is. Grondslagfase-leerders is ook reeds besig met kwartaalassesserings.

**4. SWD-Rugby**

Baie geluk aan Avaro Potgieter wat na afloop van vele proefwedstryde, ingesluit is in die SWD-Akademie o.13-rugbyspan, wat gedurende die vakansie aan die Cravenweek te Bloemfontein gaan deelneem.

**5. Eden-netbal**

Baie geluk aan Charlin Kannemeyer wat in die Eden o.12-span ingesluit is wat gedurende die vakansie aan die Wes-Kaap Interdistrikte toernooi te Bredasdorp gaan deelneem.

**6. Redenaars**

Baie geluk aan die volgende leerders wat goed gevaar het in verskeie kompetisies:

- Ingrid Keyser – Tweetalige redenaars (Radikaal – nasionale rondte)
- Inge Suhr – Prosa (Radikale leesfees – nasionale rondte) en Oppie-Tong-Af redenaars (semi-finale rondte)
- Lizé Coetzee – Kansvatter redenaars (semi-finale rondte) en Oppie-Tong-Af redenaars (semi-finale rondte)
- Lené Venter het tydens die Oppie-Tong-Af kompetisie 'n A+ behaal

Baie sterkte aan Jana Kruger wat more aan die semi-finale rondte van die ATKV-kompetisie te Humansdorp deelneem.

**7. Landloop**

Tydens die tweede landloop-ligabyeenkoms het die volgende atlete top 10 plekke behaal:

- o.9: Liandi van Zyl – 3de plek
  Lisa Prinsloo – 6de plek
  Zubaidah Corver – 8ste plek
- o.10: Lenelle Lotz – 9de plek
- o.13: Mia Bronn – 5de plek

Baie geluk aan hierdie atlete. Hou aan hard oefen!

**8. Personeelverjaardae**

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:

1 Junie: Neville Isaacs
3 Junie: Izette Oosthuizen




**9. Skooltye vir 2026**

Maak asb. seker dat u kind betyds by die skool is elke dag:

- Graad RRR, RR en R: 07:30 – 12:15
- Graad 1: 07:30 – 13:00
- Graad 2 en 3: 07:30 – 13:30 (Vrydae – 13:00)
- Graad 4-7: 07:30 – 14:00 (Vrydae 13:15)

**10. Skoolfonds vir 2026**

Skoolfonds vir 2026 is as volg vasgestel:

- **Graad 1 – 7: R14 400 per jaar**
- **Graad R: R14 800 per jaar**
- **Graad RR: R16 000 per jaar**
- **Graad RRR: R19 500 per jaar**



# Heiderand Mall

THE SHOPPING EXPERIENCE YOU DESERVE

www.heiderandmall.co.za

# THE PERFECT GIFT

## AVAILABLE FROM OUR CENTRE MANAGEMENT OFFICE



# GR RR & R

## HOEKOM BY ONS OEFEN...

PRESTIGE
AthleKidz

AFRIGTERS BESKIK OOR JARE SE ONDERVINDING IN
DEELNAME EN AFRIGTING.
IN GROOT GROEPE MET TE VEEL GROOT KINDERS
RAAK KLEINTJIES  SOMS VERLORE OF KRY
NIE ALTYD DIE NODIGE AANDAG NIE




MARNA VAN ZYL
083 4994 229

NEVER GIVE UP

# GR 1-12

BINNEKORT BEGIN ONS WEER
MET VOORBEREIDING VIR DIE
VOLGENDE ATLETIEK SEISOEN.

PRESTIGE
ATHLETICS


NIEK HARTEVELD
OOGKUNDIGE/OPTOMETRIST
SIEN DIE TEKENS
Kinders sê nie hulle sukkel nie, hulle wys dit
WEES OP DIE UITKYK:
• Verloor hul plek met lees
• Knip of vryf oë baie
• Hoofpyne ná skool
• Vermy lees of huiswerk
• “ADHD-agtige” gedrag
MAAK SEKER, BOEK ’N OOGTOETS
SKAKEL ONS
Lizanne Schmidt
Oogkundige
044 695 1688
066 562 6754
19 Ryk Tulbach str, Da Nova

YOUNG STARS HOCKEY ACADEMY

# YOUNG STARS HOCKEY ACADEMY

Is your child between the ages of 6 - 9 or 10 - 13 and passionate about hockey? Join the Young Stars Hockey Academy and help develop their skills and reach their full potential in a fun and focused environment!

**Registration:** Once payment or proof of payment is received, your child will be registered.

## DATES:

**Junie - 29 ste & 30 ste**
**Julie - 1ste, 2de & 3de**

Bankbesonderhede:
FNB | Rekeningnommer: 62659233945
Gebruik jou kind se naam as verwysing.
Stuur bewys van betaling na 079 092 5254
(Carlu van der Merwe)



KOSTE: R 750 vir al 5 sessies

## TIME:

(AGE 6 - 9 JAAR) - 09h30 tot 11h00
(AGE 10 - 13 JAAR ) - 11h30 tot 13h30

**Send me a Whatsapp with your childs name and age after the payment has been made**

**CARLU VAN DER MERWE - 0790925254**

# SMART VISION KINDERKINETICS

## WHERE MOVEMENT MEETS MINDFUL VISION

## WHAT IS A KINDERKINETICIST?

Kinderkinetics supports children's physical development, coordination, and learning readiness through structured movement and scientifically based programmes designed to build strong foundations for growth.

**Do your child struggle with?**

**Motor delays, Low muscle tone, Poor coordination or balance, Difficulty concentrating, Motor development, Visual-motor skills, Attention and concentration, Body and spatial awareness, Hand-eye coordination, Reaction time, Tracking and focus, Struggle to sit still or concentrate, ect.**

## How we can help

- Improve coordination, balance, and posture
- Strengthen visual-motor skills and focus
- Support confidence and developmental growth

**Developmental programmes for babies, toddlers and preschoolers:**

**Visual stimulation, Sport-specific and developmental skills, Special needs, Specialized movement programme , Remedial programme, Specialized primitive reflex programme, Baby stimualation programmes**

## Carlu van der Merwe

Kinderkineticit | Pediatric Movement Specialist

**068 770 8798**

**info@svkk.co.za**

## WHY SMART VISION KINDERKINETICS?

We combine movement development with visual skills to identify challenges early and support confidence, focus, and school readiness.

SMART VISION

Kinderkinetics

**Learn more**

Visit: www.svkk.co.za


Randa Sport
083 390 8000
fb Randa Cycle and Run
Mossel Bay
Jou Hokkie Vennoot!
*Hokkie stokke
*Gloves
*Grips
*Shinguards
*Balls
*Keyrings
*Bags
GRYPHON
15 % Afslag vir alle Parkies !!
UNDER ARMOUR
Marsh Straat 43
( langs OK Minimark)
BROOKS


PARK
VOLHARD - PERSEVERE
LAERSKOOL PARK
NASORGSENTRUM
VANAF JANUARIE 2026
R 900 per maand
13:00 - 17:30
REGISTREER NOU
Navrae: 044 691 1020
Inskrywingsvorm by skool of op die webblad beskikbaar